Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1040**(A)**(N15)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**15 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 1**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Diereproduksie …

A verg normaalweg 'n groter kapitaalinvestering as die produksie van gesaaides.
B kan nie uitstel verleen aan die betaling van inkomstebelasting nie.
C bied aan die boer 'n swakker kontantvloei gedurende die jaar.
D verg normaalweg 'n kleiner kapitaalinvestering as die produksie van gesaaides.

1.2 Watter EEN van die faktore wat boerdery beïnvloed kan deur die boer beheer word:

A Verandering in ekonomiese klimaat
B Verandering in verbruikersgedrag
C Kontantvloeiprobleme
D Arbeidswetgewing

1.3 … het te doen met die boer se vermoë om sy/haar produksieplanne aan te pas.

A Spesifikasie
B Buigsaamheid ('Pliability')
C Meganisasie
D Diversifikasie

1.4 Die ledetal van 'n beslote korporasie wissel tussen … natuurlike persone.

A 1 en 10
B 2 en 30
C 2 en 20
D 1 en 50

1.5 Wanneer 'n trust insolvent verklaar word, het … die voordeel van beperkte aanspreeklikheid.

A slegs die trustees en die stigter
B slegs die stigter en die begunstigdes
C die bevoordeeldes, trustees en stigter
D slegs die trustees

1.6 Die … is die basiese dokument wanneer 'n beslote korporasie gestig word.

A stigtingsdokument
B statute ('articles of association')
C akte van oprigting ('memorandum of association')
D samewerkingsooreenkoms

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.7 Watter EEN van die volgende word NIE aangedui as 'n grondeienskap in die inventaris van 'n plaas nie?

A Dreinering ('Drainage')
B Grondvrugbaarheid
C Gronderosie
D Bewerkbare lande

1.8 Ekonomiese innovering verwys na die … van entrepreneurskap.

A hoe
B wat
C waar
D wanneer

1.9 Watter EEN van die volgende elemente sal entrepreneurskap in 'n onderneming aanmoedig?

A Die vermyding van risiko's
B Sterk beheer deur bestuur
C Die geleentheid om kreatief te wees
D Die onbuigsaamheid van die onderneming

1.10 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A 'n Beslote korporasie mag, onder sekere omstandighede, sy lede se belang koop.
B 'n Beslote korporasie mag nie aandele in 'n maatskappy verkry nie.
C 'n Maatskappy mag 'n lid se belang in 'n beslote korporasie verkry.
D 'n Beslote korporasie het geen regspersoonlikheid nie.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee EEN REDE vir elke antwoord.

2.1 Boerderywins kan nie deur meganisasie verbeter word nie.

2.2 Die alleeneienaar word onafhanklik van die eienaar belas.

2.3 Die akte van oprigting is die basiese dokument wanneer 'n maatskappy gestig word.

2.4 Die naam van 'n openbare maatskappy eindig met Beperk.

2.5 'n Vennootskap het onbeperkte kontinuïteit.

2.6 Intelligensie en formele onderwys is voorvereistes vir entrepreneurskap.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.7 Wanneer 'n trust insolvent verklaar word, het slegs die trustees die voordeel van beperkte aanspreeklikheid.

2.8 Sterk beheer deur bestuur sal entrepreneurskap in 'n onderneming aanmoedig.

2.9 Finansiële state word hoofsaaklik bewaar vir belastingdoeleindes en vir die sukses van die onderneming.

2.10 'n Hoë vlak van doeltreffendheid sal die boerderywins verbeter, maar terselfdertyd kan dit nie die risiko van verliese verlaag nie.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Eienaars word vennote genoem | A | private maatskappy |
| 3.1.2 | Aparte regspersoonlikheid | B | trust |
| 3.1.3 | Eienaarskap is afsonderlik van bestuur | C | openbare maatskappy |
| | | D | beslote korporasie |
| 3.1.4 | Een eienaar | E | vennootskap |
| 3.1.5 | 1 tot 50 lede | F | alleeneienaarskap |

(5 × 1) (5)

3.2 'n Boer (mnr Serfontein), 'n alleeneienaar van 'n plaas, besluit om die naam van sy plaas na SERFONTEIN (Edms) Bpk te verander om sy twee seuns by die boerderybedryf te betrek.

3.2.1 Watter vorm van onderneming is SERFONTEIN (Edms) Bpk? (1)

3.2.2 Watter TWEE dokumente word benodig wanneer SERFONTEIN (Edms) Pty gestig word? (2 × 2) (4)

3.2.3 Watter EEN van hierdie twee dokumente bevat die reëls vir die bestuur van die plaas? (2)

3.2.4 Gee enige VIER voordele wat die eienaars van SERFONTEIN (Edms) Bpk kan verwag wanneer hierdie onderneming gestig word. (4 × 2) (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**


Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**AFDELING B**

**VRAAG 4**

4.1 Die diagram hier onder gee 'n voorstelling van drie dimensies waarin entrepreneursaktiwiteite verdeel is.




4.1.1 Identifiseer die DRIE dimensies wat as (a), (b) en (c) gemerk is. (3 × 2) (6)

4.1.2 Gee VYF kriteria waaraan 'n onderneming moet voldoen om innoverend te wees. (5)

4.2 Baie boerderyondernemings misluk weens sekere redes (faktore). Sommige faktore is beheerbaar, terwyl ander onbeheerbaar is. Dui in elk van die volgende gevalle aan of die faktor beheerbaar of onbeheerbaar is. Skryf slegs BEHEERBAAR of ONBEHEERBAAR langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer

4.2.1 Die regering stel die minimum loon vir plaaswerkers vas.

4.2.2 'n Groenteboer handhaaf lae verkoopsvolumes as gevolg van sy/haar beperkte kennis van bemarkingsbeginsels.

4.2.3 Plaaswerkers verlaat die plaas as gevolg van die boer se besluit om te meganiseer.

4.2.4 'n Boer kan nie finansiering kry nie as gevolg van sy/haar onbevredigende kredietrekord.

4.2.5 Die Reserwebank verhoog die rentekoers met twee persentasiepunte. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik kortliks VYF funksies van die entrepreneur in die produksieproses. (10)

4.4 Noem enige VYF persoonlike eienskappe van goeie entrepreneurs. (5)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.5 'n Boerdery misluk soms as gevolg van die boer se onvermoë om sy/haar produkte te verkoop.

Noem VIER faktore waaraan lae verkoopsvolumes toegeskryf kan word. (4)
**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Boere kan stappe doen om risiko's te beperk.

Gee AGT risikobeheerstrategieë wat gevolg kan word. (8)

5.2 Noem en verduidelik die VIER algemene eksterne faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n boerderystrategie beplan word. (12)

5.3 Gee VYF voordele vir die boer om eerder 'n nuwe gebou op te rig as om verbouings ('alterations') aan 'n bestaande gebou te doen. (5)

5.4 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van 'n vertakking wat gewasse verbou ('crop branch'), sal beïnvloed. (5)

5.5 Gee VYF stappe om die beste langtermynstrategie vir 'n boerderybesigheid te formuleer. (5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 6**

6.1 Gee die korrekte antwoord in elk van die volgende gevalle:

6.1.1 'n Persoon aan wie 'n spesifieke bate bemaak is in 'n testament, staan bekend as 'n …

6.1.2 Die term … dui aan dat die testateur 'n alternatiewe erfgenaam benoem ingeval die erfgenaam sterf voor hy/sy die erfenis ontvang.

6.1.3 … erfopvolging vind plaas as iemand sonder 'n regsgeldige testament sterf.

6.1.4 Latere verklarings in, of toevoegings tot 'n testament word 'n … genoem.

6.1.5 Die term … dui aan dat 'n testateur 'n persoon begunstig ('favour') onderhewig daaraan dat die persoon iets aan 'n derde persoon nalaat.

6.1.6 Wanneer 'n boer wat drie seuns het en wat in gemeenskap van goedere getroud is, sonder 'n wettige testament sterf en die waarde van die boedel is R800 000, sal sy vrou … as erfdeel ontvang.

(6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.2 Verduidelik, met behulp van 'n voorbeeld, wat *vruggebruik* ('usufruct') beteken. (8)

6.3 Bespreek die voorvereistes vir 'n regsgeldige testament. (10)

6.4 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die bereddering van 'n boedel:

6.4.1 Watter persoon is in beheer van die bereddering van 'n boedel? (1)

6.4.2 Watter dokumente moet binne 14 dae van die dood van 'n persoon by die magistraatskantoor ingedien word? (5)

6.4.3 Noem die VIER pligte van die eksekuteur van 'n boedel. (4)
**[40]**

**VRAAG 7**

7.1 Verduidelik die volgende versekeringsbeginsels:

7.1.1 Skadeloosstelling ('Indemnity')

7.1.2 Sekuriteit ('Security')

(2 × 5) (10)

7.2 Gee 'n kort beskrywing van elk van die volgende versekeringspolisse:

7.2.1 Helelewenspolis

7.2.2 Termynpolis

7.2.3 Verskanste polis ('Entrenched policy')

7.2.4 Suiweruitkeer-polis ('Pure endowment policy')

7.2.5 Suiweruitkeer-polis met lewensdekking

(5 × 3) (15)

7.3 Verduidelik wat aftree-annuïteite is, en bespreek die beginsels wat op aftree-annuïteite van toepassing is. (10)

7.4 'n Boer verseker sy/haar skuur vol lusernhooi vir R600 000 terwyl die waarde daarvan R900 000 is. 'n Brand veroorsaak skade ter waarde van R50 000.

7.4.1 Watter bedrag sal deur die versekeringsmaatskappy aan hom uitbetaal word? (4)

7.4.2 Watter beginsel is in hierdie geval van toepassing? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou